

# VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN



## Maandag (oor)

- 1 Wat hoor jy?
- 2 Wat vra die persoon uit die skare baie mense?
- 3 Wat het Jesus die man geantwoord?
- 4 Waarvoor moet mense versigtig wees?
- 5 Wat is 'n mens se lewe nie afhanklik van nie?

## Dinsdag(oë)



- 1 Wat sien jy?
- 2 Hoe lyk die grond en die oes van die man wat goed gedra het?
- 3 Hoe klein was die skuur wat afgebreek was en hoe groot dink jy was die skuur wat gebou is?
- 4 Wat sien jou hoe sou die boer aftree?

## Woensdag (hartjie)



- 1 Wat ervaar jy ?
- 2 Wat dink jy was die man se dryfkrag in sy hart toe hy Jesus kom vra het oor die erfporsie?
- 3 Hoe dink jy het hy gevoel toe Jesus hom so antwoord gee?
- 4 Hoe voel jy as Jesus so praat oor gierigheid?

## Donderdag (hand)



- 1 Waar maak die boer skatte bymekaar?
- 2 Waar wil die Here hê moet ons skatte bymekaar maak?
3. Wat beteken dit?
- 4 Hoe doen 'n mens dit?
- 5 Het jy al daarmee begin?

# LUKAS 12:13 -21

## Die gelykenis van die ryk dwaas

<sup>13</sup>Iemand uit die menigte sê toe vir Jesus: “Meneer, sê vir my broer hy moet die erfenis of (erfgeld) met my deel.” <sup>14</sup>Maar Hy antwoord hom: “Man, wie het My as regter of deler vir julle aangestel (ek is nie hier om julle geldsake op te los nie)?” <sup>15</sup>Toe sê Hy vir hulle: “Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, (hoekom is geld vir julle so belangrik) want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorfloed van sy besittings nie.” <sup>16</sup>Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: “'n Ryk man se grond het goed gedra (’n groot oes opgelewer). <sup>17</sup>Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaan nie. <sup>18</sup>Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaan. <sup>19</sup>Dan sal ek vir myself sê: ‘Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.’ <sup>20</sup>Maar God het vir hom gesê: ‘Jou dwaas. (jou dom man) Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word ( jy sal sterf), en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?’ <sup>21</sup>So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie.”


# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

## Die RykDwaas (Luk 12:13-21)

AWADS \_\_\_\_\_  
 ESIEFNR \_\_\_\_\_  
 APGRAO \_\_\_\_\_  
 KYETAS \_\_\_\_\_  
 DHEIIRGGI \_\_\_\_\_  
 AARNG \_\_\_\_\_  
 AYAKEAMMGRBKAE \_\_\_\_\_  
 LEERD \_\_\_\_\_  
 EGRERT \_\_\_\_\_  
 REABKEF \_\_\_\_\_

## BYMEKAARGEMAAK

AFBREEK  
 DWAAS  
 GIERIGHEID  
 REGTER  
 ERFENIS  
 DELER  
 OPGAAR  
 GRAAN  
 SKATTE



1. Wie kry alles wat jy \_\_\_\_\_ het?
2. Toe vertel Hy hulle `n \_\_\_\_\_
3. Mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy \_\_\_\_\_ nie
4. Wie het my as regter of \_\_\_\_\_ oor julle aangestel?
5. Maar God het vir hom gesê: Jou \_\_\_\_\_
6. Want mens se lewe is nie \_\_\_\_\_ van die oorvloed van sy besittings nie
7. Baie goed is \_\_\_\_\_
8. Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van \_\_\_\_\_
9. Ek het nie `n plek waar ek my \_\_\_\_\_ kan opgaar nie
10. \_\_\_\_\_ of deler
11. Se vir my broer hy moet sy \_\_\_\_\_ met my deel
12. Daarin sal ek my goed en \_\_\_\_\_ opgaar
13. Hy moet sy goed \_\_\_\_\_